Jaargang 53 Nr. 1

ISSN 1029-8754
APRIL 2005

ROEPING en RIGLYNE

TERMYNBLAD VAN DIE VERENIGING VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

Om uit die Verbond te lewe

SO BELY DIE VCHO SY:

DOEL:

Die bevordering van

- **Christelike opvoeding**
- **Christelike Onderwys en**
- **Christelike Wetenskap**

"Die hele Skrif is deur God ingegee en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwalinge te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk" (2 Tim 3:16 en 17).

GRONDSLAG

Ooreenkomstig die Calvinistiese Hervorming: die Heilige Skrif as die onfeilbare, geïnspireerde Woord van God, in sy geheel en in al sy dele.

"Die vrees van die Here is die beginsel van die Kennis". . . (Spreuke 1:7).

"Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels . . . en leer hulle om alles te onderhou wat ek julle beveel het" (Matteus 28:18-20).

MISSIE

Om deur die bevordering van Christelike Opvoeding, Onderwys en Wetenskap, toegespits op ons eie volk, persone en instellings te lei om op alle terreine tot eer van God te lewe en te werk - vgl Hand 1:8 ■

SKRIFLIG

2 Tim. 1:3 - 13
- Ds J Nieuwoudt

Paulus praat hier met blydskap oor Timotheus, die jong evangelis/predikant, se lewe. En dan handel dit veral oor sy geloofs- en geestelike voorbereiding en vorming in sy ouerhuis. Timotheus het in 'n 'halwe', maar godsdienstige huis grootgeword. 'n 'Halwe' opvoeding, want net sy ma en ouma se invloed word genoem. Pa en oupa se bydrae word verswyg. Heel waarskynlik was hulle Grieke – met twee Joodse vroue getroud – en so Griekse en heidense afgodsdienaars.

Dit is ook waarom Timotheus eers op volwasse ouderdom die besnydenis as verbondsteken ontvang het. Moontlik was beide oupa en pa dalk nog oorlede. Uit respek vir hul mans is dit (die verbondsteken) nagelaat.

Dit is waarom verdeelde ouers in godsdiens moeilik geloof aan kinders oordra. As die een ywer, demp die ander.

Maar aan die ander kant – om egtheid van geloof en godsdiens te laat groei – gee God soms ook juis dit vir 'n huisgesin: "Sodat egtheid soos goud tevoorskyn kan kom".

Dit is wat met ouma Lois en ma Eunice gebeur het. Daar staan dat hul geloof ongeveins was, gelouter, eg. En daarom het dit oorgegaan op Timotheus.

Die Here sou later vir Timotheus roep en gebruik as evangeliedienaar, maar eers sou Hy hierdie voorbereiding gee aan ouma Lois en ma Eunice.

Die Here gebruik vandag nog pa's en ma's as die beste en grootste opvoeders van Christenkinders.

God sal sy arbeiders roep, maar eers gee Hy hierdie taak en vorming aan mense wie se geloof en godsdiens eg, diep en oorvloedig is.

Mense vir wie Hy vra soos vir Petrus – "Het jy my waarlik lief?" En as hulle "ja" sê, dan volg die opdrag: "Laat my lammers wei.""Pas my skape op." (Joh. 21: 15, 16)

Want sien, die vorming van 'n kindjie tot geloof en dissipelskap is so kritiek. 'n Kind is eg, 'n kind is die eerste om onbekendheid agter kerkklere raak te sien; om skyn sonder egtheid aan te voel; geveinsdheid in rituele te ontdek; onegtheid vir die lewe te verwerp. Want 'n kind leer deur drie dinge: eers voel hy/sy, dan sien hulle en laastens leer hulle. Daarom is voorbeeld en gesindheid so belangrik nog in ons kind se lewe.

Dit is waarom ouma Lois en ma Eunice se godsdiens so vroeg in Timotheus se lewe neerslag gevind het. Hul ongeveinsde geloof het ook

Vervolg op bl 2

IN HIERDIE UITGAWE

Gereformeerde huisgesin 3
Evolusionisme en die rasionele mens 5
Verbondsouer 8
Vroulike skoonheid 9
Moedertaalonderwys 10
Bybelse perspektief op grense 12

Vervolg van bl 1

gestalte gevind in Timotheus se lewe. "…daarvan is ek oortuig ook in jou is" sê Paulus (vs 5).

Die grootste predikers in ons kind se lewe is vader/moeder – ons preek dag en nag, in die kombuis, in gesprekke, met elke daad.

Miskien is dit ons nie beskore om groot geloofswaarhede te verduidelik nie. Ook nie die gawe om indrukwekkend voor ons kind te bid nie, maar ons het die roeping om in aangrypende egte konkrete taal Christus met ons voorbeeld te lewe.

Timotheus se opvoeding was –

1. Ongeveinsde geloof (vs 5). Geloof wat liefhet en dien, want dit is eg en leef in die hart. Dade wat hul bron en oorsprong uit en vir Jesus het.
2. Tydig – "van kleinsaf in die skrifte" (2 Tim. 3:15). Met moedersmelk en met die paplepel het hy sy geloof geleer. Die hel dawer van vreugde as u sê – "later". Die duiwel lag as u sê – "hulle is te klein en verstaan nog nie". In u huis met huisgodsdiens en huisgebede vind hulle Jesus van kleinsaf.
3. Beste middel "in die Heilige Skrifte" (2 Tim. 3:14). Letterlik die heilige letters. Nie die mense en gebeure waarvan hierdie boek vertel nie, maar die God en Verlosser Jesus Christus en die Heilige Gees. Die Persoon van Wie die boek vertel, dat Hy ook my God en my Here is en vir my sorg.
4. Die hoogste doel "die kennis … wat tot verlossing lei deur die geloof in Christus Jesus." "… toegerus vir elke goeie werk." (2 Tim. 3: 15,16).

Alle boekgeld en alle studie sonder hierdie doel sal u kind slegs tot 'n gekunstelde mens maak, meester in filosofie en ideologie, maar onder die laag kultuur sal hy/sy steeds bly: 'n heiden onbekeerd en verlore.

Gee hom/haar daardie heilige ure by Godswoord en God se roeping vir hulle lewe wat hulle egte Christene sal laat wees. Timotheus kon nie die datum van sy bekering/keuse vir Jesus onthou nie, maar hy was van kleinsaf verbondskind, geloofskind, gebedskind en Woordkind.

"…want die egte geloof van ouma Lois en ma Eunice was ook in hom" (1 Tim. 1: 5)

STREEKKONFERENSIE

TE PRETORIA

Die uitdagings aan die Christelike gesin

Datum:	Vrydag, 6 Mei 2005
Plek:	Rietvallei Gereformeerde Kerk se Gemeentesentrum,
	Umgenistraat, Erasmuskloof
Tyd:	19:00
Tema:	Die vader en die moeder van die 21ste eeu – hoe tipeer ons hulle in hulle onderskeie hoedanighede as begeleiers
	Kom luister na twee kundige persone oor hierdie onderwerp – dr Jannie Malan oor die vader en dr Irmhild Horn oor die moeder
Registrasie:	Sal tussen 18:30 en 19:00 duur
Registrasiegeld:	R40 per persoon

Ouers en jongmense word uitgenooi

Hoe lewe ’n gereformeerde huisgesin in hierdie moderne samelewing

- Ds T. Danzfuss

(Hierdie is ’n uittreksel uit die referaat wat op 21 Augustus tydens die Kongres voorgedra is)

Tyd ontbreek om ’n volledige bespreking te gee van hoe ’n gereformeerde huisgesin sy geloof uitleef en sy roeping vervul in so ’n fatale sekulêre samelewing. Ons volstaan met ’n paar inleidende opmerkings wat gesien kan word as basiese uitgangspunte waaraan elke gereformeerde huisgesin homself kan evalueer.

a. ’n Gereformeerde huisgesin ken die tekens van die tyd

Vir die gereformeerde huisgesin is hierdie krisis van afvalligheid op soveel terreine nie werklik ’n krisis nie. Dit is net maar ’n versterking van ons geloof aangesien dit ’n bevestiging is van die woorde van ons Here Jesus waar Hy in Matt 18:7 waarsku: “Hoe jammer tog vir die wêreld dat daar dinge is wat die mens afvallig maak! Sulke dinge kom noodwendig, maar wee die mens deur wie dit kom. ”

Kerklike en teologiese deformasie en afvalligheid is onvermydelik. Ons kan dit nie keer nie... dit moet noodwendig kom as een van die sekerste tekens van die eindtyd, maar een ding is seker: wee hom deur wie dit kom. Ons kan dit nie keer nie, maar ons kan wel seker maak dat ons nie die oorsaak daarvan is of deel daarvan word nie. Die gesin wat rekening hou met hierdie perspektief sal nie angstig en vreesbevange raak oor die afvalligheid nie, maar hulle sal met groot versigtigheid waak om nie deel van die stroom te word nie.

b. ’n Gereformeerde huisgesin hou die oog op Jesus

As ons na al die aaklige krisisse in die samelewing rondom ons kyk, dan voel ons soos Petrus wat probeer het om op die water na Jesus toe te loop, maar toe hy rondom hom kyk en die sterk wind en diep water om hom sien, toe word hy bang en roep: *Here help my*! Wat kan ons anders sê? Daar is beslis nie ’n maklike pad uit hierdie doolhof van krisisse nie.

Ongelukkig maak baie huisgesinne dieselfde flater wat Petrus gemaak het. Hulle oë dwaal, weg van Jesus, dan sien hulle die sterk wind, die golwe en die diep water rondom wat hulle laat twyfel. Hulle twyfel aan Hom wat hulle geroep het. So sink baie christelike huisgesinne weg in die diep water van die tydsgees en word hulle heen en weer geslinger deur die sterk winde van verandering en dwaling. Eers toe Petrus besef dat hy besig was om te sink kan hy weer roep “Here, help my!”.

Hebr. 12:2 gee vir ons die antwoord: “die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof.”

c. ’n Gereformeerde huisgesin ken sy eie identiteit

Een van die belangrikste dinge wat gelowige ouers hul kinders van kleins af moet leer is die feit dat hulle anders is as die die wêreld. ’n Huisgesin met wie God Sy genadeverbond opgerig het. Hulle as huisgesin is deur die doop opsy gesit en afgesonder om anders te wees, anders te lyk, anders te dink, anders te praat en anders te lewe as die wêreld. Wanneer kinders sê: maar almal doen dit dan, almal trek dan so aan, almal gaan dan na daardie plekke toe, dan is dit wat hulle moet verstaan: maar ons is anders. Ons het ’n verbond met God. Die wêreld rondom ons kan rustig voortlewe volgens hul eie permissiewe siening van die lewe, hulle kan maar kies watter gode hulle wil dien, maar “ek en my huis, ons sal die Here dien.” (Jos. 24:15). Leer u kinders van jongs af: Ons is anders! Ons identiteit kry ons nie van die samelewing nie maar van Hom wat met ons Sy genadeverbond kom sluit het.

d. ’n Gereformeerde huisgesin se deurkosyne is geverf

Nog ’n belangrike saak wat ons kinders van kleins af moet weet, is die wonderlike betekenis van die plaasvervangende versoeningswerk van Jesus Christus aan die kruis. Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe? Wat is die enigste troos waarmee ons die toekoms tegemoet gaan? Wat was die enigste troos wat die gelowige huisgesinne volgens Eks 12:13 gehad het, daardie nag toe die doodsengel voor elke huis se deur kom staan het? “Maar die bloed sal vir julle ’n teken wees aan die huise waarin julle is: as Ek die bloed sien, sal Ek by julle verby gaan. En daar sal geen verderflike plaag onder julle wees wanneer Ek Egipteland tref nie.” Hul enigste troos was die bloed wat teen die deurkosyne geverf is.

Ons as gereformeerde huisgesinne se enigste troos in lewe en sterwe is die bloed van Jesus wat vir ons gestort is. Daarmee is ons huisgesin gemerk. Dit is ons enigste hoop in hierdie verwarde wêreld.

Vervolg op bl 4

Vervolg van bl 3

e. 'n Gereformeerde huisgesin is gedurig bewus van sy eie sondige natuur

Een van die grootste foute wat gelowige ouers maak in die opvoeding van hul kinders is om die mag van die ou sondige natuur te onderskat. Ouers is dikwels so bang dat die kinders sal sê hulle is nie so "cool" soos die maats se ouers nie. So kom kinders met moord weg.

Die Woord is vol voorbeelde van ramspoedige gevolge wanneer mense die mag van die ou sondige natuur onderskat het. Dink maar aan die tragiese geskiedenis van Eli en sy seuns. Daar was 'n gelowige huisgesin wat die mag van die eie sondige natuur onderskat het, 'n gelowige vader wat nie geweet het hoe om sy eie huis te dissiplineer nie.

As Eli maar net die wysheid van Spreuke 20 en 22 geken het, sou sy huisgesin, hy en sy twee goddelose seuns, nie onder die oordeel van God geval het nie.

Spreuke 22:15 "Onverstandigheid is eie aan 'n jongmens, maar 'n pak slae haal dit uit hom uit."

Spreuke 22:30 "'n Pak slae laat 'n mens ophou kwaaddoen; dit laat jou selfs ophou dink aan kwaad."

f. 'n Gereformeerde huisgesin beweeg nie sonder sy lamp nie

Psalm 119: 105 "U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad." Die gereformeerde huisgesin lewe uit die Woord van God. Ek en my huis, ons weet dat hierdie Bybel die enigste ware en onfeilbare Woord van God is. Ons vrees geen duiwel nie, want hierdie Woord is God se swaard... nie die kragtelose swaard van die tydsgees nie, maar die Swaard van die Heilige Gees... Saam met Paulus kan ons juig en sê: "**Ek skaam my nie oor die evangelie nie, want dit is 'n krag van God tot redding van elkeen wat glo …**"

Slot

Ons samelewing ook hier in Suid-Afrika, stuur baie vinnig af op 'n hele aantal geweldige krisisse. In die lig van die Skrif kan ons duidelik sien hoe die wêreldtoneel teen rasse skrede ryp word vir die verskyning en openbaarmaking van die dier uit die see, die antichris. Dit maak 'n mens benoud, maar dit maak ons ook opgewonde! Opgewonde omdat ons weet hierdie krisis is nie 'n nuwe krisis nie, inteendeel dit is 'n krisis waarvan die uitslag reeds beslis is met die kruis en die opstanding van Jesus Christus. Hierdie beeld waarvoor die moderne mens so gewillig buig, is nie 'n nuwe beeld nie... Agter dit alles staan dieselfde Bose mag wat gepoog het om Daniël en sy drie vriende se knieë voor hom te laat buig. Daarom het ons ook nie nuwe antwoorde nodig nie.

Ons antwoord is nie in nuwe ontdekkings soos die Nuwe Hervormers beweer nie, maar in gelowige huisgesinne waar jongmense weer opgevoed word met 'n onwrikbare geloof in God en aan die krag van Sy Woord. Ons het huisgesinne nodig waar jongmense grootword om die wêreld te antwoord soos wat Sadrag, Mesag en Abednego vir koning Nebukadnesar, die voorloper van die antichris, eeue gelede al geantwoord het.

Daniël 3: [14] "Is dit waar, Sadrag, Mesag en Abednego, dat julle my god nie dien nie,die goue beeld wat ek laat oprig het, nie aanbid nie? [15] Nou kyk, dit sal in orde wees as julle bereid is om te buig en die beeld te aanbid sodra julle die geluid hoor van trompet, fluit, siter, lier, harp, 'n ander blaas- of musiekinstrument. Maar as julle hom nie aanbid nie, sal julle dadelik in 'n brandende oond gegooi word, en watter god sal julle uit my mag kan red?"

Sadrag, Mesag en Abednego het koning Nebukadnesar geantwoord: "Ons hoef u nie hierop te antwoord nie. [17] Ons het ons God vir wie ons dien. Hy het die mag om ons te red uit die brandende oond, en Hy sal ons ook red uit u mag. [18] Selfs as Hy dit nie doen nie, moet u weet dat ons u god nie sal dien nie, die goue beeld wat u laat oprig het, nie sal aanbid nie."

Dieselfde vraag het hy eendag ook aan Jesus gestel: As u maar net een keer sal neerval en my aanbid.... Jesus se oorwinning was nie vir Homself nie, maar vir jou en vir my. Daarom kan en mag ons as gereformeerde huisgesinne ook nie ons knieë buig voor die beeld van die dier nie. As hulle ons spot of dreig of probeer omkoop kan ons onbevrees antwoord: Ons hoef u nie hierop te antwoord nie. [17] "Ons het ons God vir wie ons dien. Hy het die mag om ons te red uit die brandende oond, en Hy sal ons ook red uit u mag."

Drogredenasies en ander sulke gedrogte

(Deel 2)

Connie Bester

"Waar die son *altyd* skyn, is dit woestyn," het Langenhoven eendag gesê. Ene Colton weer het 'n rampspoedige waarheid belig met sy opmerking: "Mense argumenteer oor godsdiens, skryf daaroor, veg daaroor, sterf daarvoor – enigiets **behalwe** om daarvolgens te leef!".

Dit laat my onwillekeurig dink aan die sogenaamde "Nuwe Hervormers", wat hulleself geroepe verklaar om die Bybel se gesag te verminder en te ondergrawe omdat hulle die inspireerder van die Bybel wil degradeer en onttroon.

Mense wat die mens en sy rede ten alle koste wil verabsoluteer – maar wat geen ruimte vind in hulle verdwaasde verstandjie vir die Heilige en Onveranderlike Skepper, God Drie-enig, nie – moet vir geen oomblik dink of glo dat hierdie dwaling spontaan uit al die vastelande op aarde ontstaan het nie. O, nee! Vir dekades is dit gebruik om die liberaal-humanistiese "sosiale evangelie" te bevorder. Dit is handig dat groot dele [die meerderheid?] van die elektroniese- en gedrukte media hierdie sensasionalistiese mensvergodingsprogram propageer in alle tale en op alle wyses! Neem nog in ag die klaaglike versuim van verbondsouers om hulle belydenis te leef en oor te dra op hulle kinders – kyk maar na Deuteronomium 6 –

Vervolg op bl 9

Evolusionisme, die breinkind van die rasionele mens

- *Prof. Pieter H. Stoker, Potchefstroom*

Die Verligting:

Die 18e en 19e eeue word die eeu van die Verligting (verstandsverligting, Aufklärung) genoem. Die verligte mens het geglo dat deur die logiese krag van sy verstand, sy Rede, hy tot betroubare kennis omtrent die werklikheid sal kom. Volgens die woorde van Voltaire (1694-1778) het die onmondige mens mondig geword deurdat hy sy gees van die knellende bande van teologie, opvoeding en tradisie losgewoel het en tot selfstandige denke gekom het.

Die verligting het sy intrede op elke lewensterrein gemaak. Op die opvoedkundige terrein is Rousseau se ideale in die praktyk ingedra: om kinders te vorm tot beskaafde, sedelike en wêreldwyse mense. Dit het gelei tot die vorming van kinders deur die onderwyser en die skool. Die onderwyser word opgelei en geskool om daardie taak te verrig. Die ouer het weinig seggenskap, indien enige, in hierdie opleiding van die onderwyser. Die staat bekostig die onderwys in die RSA en bepaal gevolglik die onderwysbeleid, wat deur die opleiding van onderwysers gevestig moet word.

Die nuwe onderwysbedeling

Die nuwe onderwysbedeling het vanaf sy eerste skrede duidelik uitgespel wat sy filosofie en oogmerke met Kurrikulum 2005 (K2005) vir skoolonderwys vanaf graad 0 tot 9 is. Interessant is die debat, wat in die besprekingsdokument "Lifelong learning through a National Qualifications Framework" (Dept. van Onderwys, Februarie 1996:18) aangehaal word. Dit gaan oor een van die hoof uitgangspunte van die dokument, nl. dat opvoeding en onderrig in skole tot 'n eenheid saamgebind (geïntregreer) moet word en nie as twee afsonderlike gebeure in die ontwikkeling van 'n kind gesien moet word nie. Hierdie saambinding van opvoeding en onderwys word deur die dokument as die eerste grondliggende oogmerk gestel, wat deur sogenaamde uitkomsgerigte onderwys ("outcomes-based learning") bereik moet word.

Die staatonderwys het deur K2005 geskiedenis in die kurrikulum teruggeplaas. Die redes is die volgende: (1) Die onderrig van geskiedenis word as essensieel beskou in die bevordering van alle menslike waardes, insluitend dié van verdraagsaamheid. (2) Argeologie word aanvaar as 'n wesentlike deel van geskiedenis, want dit belig deur die evolusionêre prosesse ons gemeenskaplike afstamming, wat tot verdraagsaamheid tussen alle kulture bydra. (3) Verder word deur geskiedenis ons waardes en moraliteit geslyp want daardeur word menslike mislukkings en sukses oor millenniums bestudeer. (4) Deur geskiedenis kan nie alleen die chronologie van gebeurtenisse en die dinamika van veranderinge in die tyd bestudeer word nie, maar leerders kan daardeur ook self bepaal wat goed en sleg is, en wat reg en verkeerd is. Hierdeur word jongmense gelei tot hoër vlakke van morele beoordeling. Sodoende verkry hulle lewe betekenis en kan hulle normatiewe beginsels aflei waarvolgens almal kan lewe.

Die vertrekpunt van hierdie ideologie is die mens se evolusionistiese en aardse herkoms. Hierdie herkoms moet as aansporing vir die mens dien om deur eie insigte, deur eie krag en deur natuurkragte tot verdere intellektuele en geestelike hoogtes te vorder. Die mens moet uit sy foute leer en daaruit etiese en morele kodes aflei. Die mens is daarom bepaler van en regter oor sy eie lewensnorme. Hierdie bevordering van 'n skaamtelose humanistiese etiek en moraliteit staan ver verwyder van Bybelse lewens- en wêreldbeskouing.

Darwinistiese evolusionisme

Darwinistiese evolusionisme wat nou in die skoolleerplanne ingevoer word, sluit by hierdie rasionele humanisme aan en spruit voort uit Darwin se *On the origin of species* (1859). Darwin het daarmee evolusionêre biologie as 'n deel van die lewenswetenskappe gevestig en sodoende geskiedenis 'n faset van die natuurwetenskappe gemaak. Hiermee het Darwin 'n eerste treetjie gegee om ons idee van en plek in die wêreld geheel en al te wysig. Prof. Ernst Mayr (*Darwin's influence on modern thought*, in *Scientific American* July, 2000: 67-71) stel dit soos volg:

"In 1850 was die wetenskaplikes en filosowe nog oorwegend Christene. Die wêreld wat hulle bewoon het, was deur God geskep. Hy het gesorg vir wyse wette wat volmaakte aanpassing vir alle organismes ten opsigte van mekaar en hulle omgewing verseker het. Die grondleggers van die moderne natuurwetenskappe het 'n rigoristiese fisiese wêreld geskep uitgaande van teleologie (God se voorsienigheid), determinisme en ander basiese beginsels. Gevolglik het die basiese beginsels van Darwin in 1859 gebots met die gangbare idees, en het hewige reaksie tot gevolg gehad".

Vervolg op bl 6

Vervolg van bl 5

Enkele konsekwensies van Darwin se beginsels, soos dit tot vandag ontwikkel het, is volgens Mayr die volgende:

(1) Darwin het bonatuurlike gebeurtenisse verwerp. Sy teorie van evolusie deur natuurlike seleksie verklaar geskiktheid sowel as verskeidenheid in die lewende wêreld. Elke faset van wonderlike strukture in lewende dinge word deur natuurlike seleksie verklaar. Sy teorie verklaar alles vanuit die natuur en gevolglik is God as skepper en ontwerper nie meer nodig nie (alhoewel enigeen vry is om aan God te bly glo solank hy / sy die evolusieteorie aanvaar). Deur God uit die wetenskappe uit te skakel verkry die mens ruimte om alles streng wetenskaplik vanuit die menslike denke (onder andere positivisties) te beskryf.

(2) Darwin se teorie van natuurlike seleksie laat dinge nie doelgerig gebeur nie. Dinge gebeur toevallig, kontingent. 'n Oorsaak het nie noodwendig 'n spesifieke of eenduidige gevolg nie. Met ander woorde, daar bestaan geen doelgerigte kragte in die natuur nie. Dit is wat kwantumfisika ons ook leer. Dinge verloop nie deterministies, soos 'n masjien nie. Dit is hierdie toevalligheid wat Einstein nie kon aanvaar nie.

(3) Darwin het 'n nuwe visie op die mens ontwikkel in sy boek: *The descent of man, 1971.* Die mens is 'n sosiale spesie. Daarom hang die oorlewing en voorspoed van 'n sosiale groep grootliks af van harmonieuse samewerking tussen die lede van die groep, wat op onbaatsugtigheid gegrond moet wees. Onbaatsugtigheid bevorder oorlewing en voorspoed, maar bevoordeel ook oorlewing en 'n beter lewe vir elke lid van die groep. Die resultaat is bevordering van onbaatsugtige gedrag van lede in die groep. Onbaatsugtige gedrag kom ook by samelewings van diersoorte voor. In die geval van die mens met sy verstandelike vermoëns en vaardighede lei sosiale onbaatsugtigheid tot 'n evolusionêre verklaring van etiese norme.

Darwin se idee is eenvoudig: Eerstens, spesies verander met die tyd. Tweedens, evolusionêre vertakking vind plaas, sodat alle spesies van lewende dinge op aarde voortgekom het vanaf 'n enkel oerspesie, die amebe (amoeba). Derdens, evolusie is geleidelik. Vierdens die rede vir evolusie is natuurlike seleksie, waardeur die minder geskiktes verwyder word. Dit kom neer op 'n teeltkeuse van die natuur deur aanpassing by omgewingstoestande.

Is Darwinistiese evolusie 'n feit?

Evolusionistiese bioloë (ook sommige Bybelgelowiges) glo dit as 'n feit dat 'n organisme algaande kan verbeter na hoër vorme. Gevolglik is 'n gangbare opvatting in die biologiese wetenskappe dat alle lewe wat tans op aarde waargeneem word, deur natuurprosesse oor 4000 miljoen jaar 'gegroei' (ontwikkel) het vanaf 'n enkel sel tot die mens. Dat hierdie ontwikkeling (evolusie) plaasgevind het, is 'n aanname, wat nóg eksperimenteel bevestig kan word nóg uit waarneming bewys kan word.

Evolusie is 'n geskiedkundige wetenskap

Evolusie is 'n geskiedkundige wetenskap, 'n andersoortige wetenskap as Wiskunde, Chemie of Fisika, of as die Taal- en Letterkundige wetenskappe. 'n Geskiedkundige wetenskap probeer om te verklaar hoe dinge in die verlede gebeur het. 'n Geskiedkundige gebeurtenis is eenmalig en sal nie weer soos in die verlede plaasvind nie. So 'n gebeurtenis kan nie weer herhaal word en die teorie, wat die gebeurtenis verklaar of beskryf, kan daarom nie geverifieer word nie. Die vraag is dan of 'n evolusionistiese gebeurtenis werklik plaasgevind het.

Darwinistiese evolusie verskil in 'n tweede opsig van genoemde vakwetenskappe in sy veronderstelling dat iets wat minder is, meer of hoër kan word. Byvoorbeeld, die laer diersoort (aap / mensaap) waaruit die mens sou voortgekom het, het 'n beperkte (instinktiewe) bewussyn gehad. Hierdie wesens het nie die hoër funksies van die mens, soos taal, sedes, godsdiens, skoonheidwaardering, verantwoordelikheid, regsvorming, maak van geskiedenis, wetenskap, ens., nie. Ook vaardigheids- en skeppende funksies soos maak van ekonomiese goedere, boeke, skilderye, prente, instrumente, nywerhede, en so meer, het diere nie. Al hierdie funksies moes in 'n evolusionistiese voortgang van dier na mens bygekom het. 'n Verdere voorbeeld van wat minder is, meer word, is die veronderstelde ontstaan van 'n lewendige sel uit dooie materie. Lewe moes dan op een of ander manier by materie bygekom het.

Wat openbaar God ons van Sy skepping?

1) God openbaar aan ons deur Sy Woord dat Hy alles deur bonatuurlike handelinge geskep het – bonatuurlike handelinge wat die mens nie kon waargeneem het en ook nie deur wetenskaplike eksperimentering kan waarneem nie. Gevolglik is die skeppingsverhaal in Genesis vir baie wetenskaplikes nie aanvaarbaar nie. Die evolusionistiese wetenskap vervang die bonatuurlike Goddelike skeppingshandelinge met kontinue, aaneenlopende, geleidelike natuurprosesse. Gevolglik is nou lang tydperke van miljoene en duisende miljoene jare nodig om die Goddelike bonatuurlike skeppingshandelinge met geleidelike natuurlike wordingsprosesse vanaf die oerknal ("big bang") en vanaf die eerste lewende sel tot die mens te vervang.

2) God openbaar dat nadat Hy klaar geskep het, die skepping verder kon ontplooi volgens Sy **Voorsienigheid**. God het aan die skepping 'n potensiaal **voorsien** om verder te ontwikkel ("om baie te word"). Die ont-

plooiing (ontwikkeling) van die wêreld is volgens die Bybel egter nie 'n sinlose proses nie, maar 'n voortgang en vooruitgang na 'n definitiewe doel toe, totdat die wêreld sy hoogste volheid van bestaan (syn) en die hoogtepunt van sy bestemming (potensiaal) bereik.

3) Die Bybel leer ons dat God man en vrou tweeledig geskep het: Hulle is 'gevorm uit die stof van die aarde' (Gen 2:7a), wat dui op hulle gebondenheid aan die aarde. God het ook die asem van die lewe in hulle ingeblaas, waardeur hulle beweeglike lewende wesens (Gen.2:7) geword het. Ook diere is as lewende wesens geskep om beweeglik te wees (Gen. 1:20, 21, en 24, 2:19). Maar God-drie-enig het die mens ook tot sy beeld, sy gelykenis gemaak (Gen.1:26, 27) en daarmee die mens meer as die dier gemaak met 'n spesifieke opdrag en verantwoordelikheid, om met God mee te werk in die ontplooiing van die skepping tot die voleinding.

Wat leer 'n studie van die skepping ons?

1) Daar is geweldig baie verskille tussen lewende dinge. Al hierdie verskille orden die wetenskap deur lewende dinge te klassifiseer. Die oorhoofse indelings in die biologie is die filums (ryke van plante, diere, en mikro-organismes). Onder elke filum is daar klasse, en daaronder ordes, dan indelings in families, dan genusse (geslagte) en dan spesies. Die feit dat die wetenskap die dinge in die skepping op hierdie manier kan orden, getuig van 'n wonderbaarlike samestelling en funksionaliteit – die handewerk van 'n alwyse en oppermagtige Skepper.

2) Die heelal is merkwaardig in sy rykdom en verskeidenheid van dinge. Die mens beskryf dit in sy wetenskap en in sy prosa en poësie. Die Skrifte besing die wonderbaarlike wysheid van die Skepper sowel in die mens as in die natuur, en stel dat dit alles, elkeen afsonderlik en alles in sy geheel, onder God se sorg en verbond is (lees Ps 19:1, 6-7; Ps 104:3-4, 10, 13, 14, 21, 27, 29).

3) Alle strukture in die skepping, en daar is ontelbaar baie, is elkeen 'n unieke en funksionele wonderwerk, ook die heelal met sy duiselingwekkende aantal sterre en sterrestelsels. Hierdie wonderwerke neem die mens waar deur sy sintuie en instrumente, sy vensters na die wêreld. Uit hierdie waarnemings word begrippe geabstraheer (onttrek) en wetenskap deur logiese denke gevorm. Hierdie vorming van wetenskap is deel van God se opdrag aan die mens (Genesis 1:26, 28; en 2:15) – bewerk, bewaar en ontgin die skepping op 'n verantwoordelike wyse tot eer en heerlikheid van die Skepper. Daarom moet die mens ook deur sy wetenskap aan God al die eer gee en Hom verheerlik vir al die unieke en funksionele strukture in sowel die lewende as in die nie-lewende wêreld.

Wat moet kinders in openbare skole doen?

Ouers moet hulle kinders toerus om aan die lesmateriaal op skool 'n Bybelgefundeerde inhoud en uitkomste te gee. Dit beteken dat kinders die Bybelse openbaring van God se almag en die funksionaliteit en wonderbaarlikheid van die skepping hulle eie moet maak. Wanneer leerstof volgens die idioom en binne die raamwerk van die Darwinistiese evolusieleer aangebied word, moet kinders van hulle geloof in God, die Skepper van alle dinge, soos Hy Homself in Sy Woord openbaar, getuig. Dit beteken dat kinders aangemoedig moet word om hulle geloof in die klaskamer en in assessering van lesmateriaal te bely, maar ook om te verduidelik waarom die Darwinistiese evolusieleer onaanvaarbaar is.

Wat word van die gereformeerde boek?

Talle van ons lesers het waarskynlik nog die aangename herinnering aan 'n ouer of grootouer in wie se studeerkamer die rye en rye boeke met opvallende titels oor velerlei onderwerpe gepryk het. Daarin was kosbare waarheidskennis opgesluit wat met vrug die in die bediening toegepas, of deur ander beroepe na die samelewing uitgedra was, waardeur toerusting tot die kweek van 'n Christelike lewenshouding verskaf kon word, en wat 'n bepaalde behoudende invloed uitgeoefen het. Die waarde van daardie boekerye kan nie gemeet word aan die geldelike investering of die moeite en sorg wat dit geverg het om dit oor jare heen te versamel nie. Baiekeer was die aankoop daarvan gedoen ter ontbering van ander noodsaaklikhede, wat verklaar waarom daar soveel waarde daaraan geheg was.

Uiters waardevolle boekerye van reformatoriese inslag is op hierdie wyse deur verskeie persone in Suid-Afrika tot stand gebring, sodat meer dikwels van hierdie of daardie versameling wat êrens nog in bewaring gehou word, verneem word. Die betekenis van die gereformeerde boek in die lewe van die Calvinisties-oortuigde mens kan nooit oorskat word nie, en daarsonder sou 'n samelewing arm en gebrekkig daaraan toe wees. Dit is dié boek wat 'n geestelikverrykende invloed uitoefen, en in baie se lewens lewenskoers aangedui het. Dink maar vir 'n oomblik aan die besliste invloed van literatuur soos Koers in die krisis wat in die tyd kort na die VCHO se ontstaan in drie bande uitgegee was, benewens talle ander. Die gereformeerde boek is inderdaad onvervangbaar.

Dat die voortgesette veilige bewaring van die gereformeerde boek in die gedrang gekom het, is 'n probleem wat deesdae met verontrusting waargeneem word. Dit is nie meer 'n vanselfsprekendheid dat instansies wat nog oor hierdie luuksheid beskik, dit vir die toekoms as 'n waardevolle erfenis sal behou en selfs uitbou nie, en daar was trouens kosbare versamelings wat reeds tot niet gegaan het – wat 'n verlies! Daar is, sover vasgestel kan word, ook geen instansie in Suid-Afrika wat verantwoordelikheid neem vir die bewaring daarvan nie. Individuele pogings tot bewaring geskied verder ongekoör-

Vervolg op bl 9

Om vandag verbondsouer te wees

- Sam de Klerk



Inleiding

Ons moet erken dat gelowige verbondsouers vandag nie 'n maklike taak het nie, want die aanslag op ons, en veral op ons kinders, is soms onhanteerbaar moeilik. En tog staan dit vas as 'n Bybelse opdrag: Wie waarlik hierdie opvoedingsuitdaging aanvaar, vind tog ook al gou-gou dat dit 'n heerlike avontuur saam met sy kind is!

Wat ek hier met verbondsouers wil deel mag dalk glad nie nuut wees nie, maar miskien kan ons mekaar weer opnuut opskerp as ons besef ons staan nie alleen nie. Ook put ek uit my eie ouervoorreg – vier kinders en amper sewe kleinkinders – asook die uitnemende voorreg dat ek vir baie jare in die onderwys met ons kinders en ouers kon werk.

Verbondsouers se begronding

Ons moet voortdurend ons begronding in die onfeilbare Woord van God gaan soek. Alreeds in Gen. 17 kom die heerlike versekering van God aan Abraham en ook aan ons: "Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag nà jou." (v. 7) Ook Deut. 6:6 en 7 begrond ons opdrag helder en duidelik: "Hierdie gebooie wat Ek jou vandag gegee het, moet in jou gedagtes bly. Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daaroor praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan."

Verbondsouers kan gerus op nog baie ander plekke in die Bybel ook gaan nalees om 'n deeglike begronding vir ons taak te kry.

Moeilik? Ja, maar tog heerlik!

Ons het alreeds gesê dat konsensieuse verbondsouers dit moeilik sal vind om die Bybelse opvoedingsopdrag ten opsigte van hulle verbondskinders na te kom. Die moderne tydsgees, die humanistiese lewens- en wêreldbeskouing, die sekulêre aanslag op ons kinders se denke en die sterk druk van die portuurgroep, staan baie keer lynreg teenoor dit wat ons weet dat ons moet doen. En tog mag ons nooit handdoek ingooi nie, want die Woord van God maak hierdie opdrag aan verbondsouers en –kinders 'n vreugdevolle uitdaging. Jou kinders is soos "olyfboompies rondom jou tafel" (Ps 128:3) en Jesus self het in Markus 10 die kindertjies na Hom laat kom en sy arms om hulle geslaan en hulle geseën.

Kinders daarenteen moet weer "in alles aan hulle ouers gehoorsaam wees, want die Here verlang dit van kinders wat in Hom glo" en die Tien Gebooie het 'n mooi belofte vir kinders wat hulle ouers eer.

Wie met die Woord in sy hart en 'n voortdurende gebed op sy lippe hierdie Bybelse opdrag gelowig aanvaar, getuig dikwels van 'n mooi verhouding wat tussen ouer en kind ontwikkel en wat vir beide verrykend is.

Maar, hoe werk dit in die praktyk?

Puntsgewys stip ek die volgende aan:

1. **Ken** jou kind – elke kind is 'n indiwidu in eie reg met eie voor- en afkeure. Maak seker dat jy hom as indiwidu deeglik ken en so respekteer.
2. **Bid** saam met jou kind, vir jou kind, vir jouself en vir die gesin en lees saam met hom die Bybel.
3. **Praat** met jou kind oor jóú verhouding met God, wat Hy vir jou in jou lewe beteken en vertel hom van jou ontmoeting met Hom elke keer as jy jou persoonlike stiltetyd hou. Praat ook met jou kind oor sý verhouding met God en dat hy 'n keuse vir God moet maak.
4. **Leef** aan jou kind voor. As jy dit wat jy bely, nie in die praktyk uitleef nie, skep jy groot verwarring in jou kind se gemoed.
5. **Skep 'n kommunikasiekanaal** tussen jou en jou kind – jy praat en hy luister, maar, en dis belangrik, hy moet ook kan praat terwyl jý luister.
6. **Maak tyd** vir jou kind, veral wanneer hy vra en nie net altyd wanneer jy tyd kan afstaan nie.
7. **Pasop** vir ou koeie uit die sloot grawe, oorfyngevoelig wees, verwyte slinger en krenkende opmerkings. Dit word dikwels in 'n broos kindergemoed negatief ingegraveer.

Ek sluit af deur in hierdie kort motivering vir verbondsouers te sê: wees te alle tye lief vir jou kind, nie net as hy soet is of goed doen nie, maar veral ook as hy jou teleurstel. Ja, wees vir hom lief ten spyte van wat hy soms is en wat hy soms doen. Wees onvoorwaardelik lief, soos wat Jesus vir ons is.

Die Here seën elke toegewyde verbondsouer.

Vroulike skoonheid

- S le Cornu

She said: “God started to make things happen for me in my life. I remember, He encouraged me to enter the pageant, saying, ‘This is something I want you to do.’ I wasn’t sure that it would turn out successfully. But He enabled me to become Miss America. He spoke to my heart after winning and said that He wanted me to speak about abstinence. There were a lot of people who discouraged me from doing that. But others sent me that verse from the Book of Esther: ‘Who knows that you have been brought to royalty for such a time as this.’ And God said, ‘This is why I brought you to royalty: For such a time as this.’”

Ek wonder of God haar ‘aangemoedig’ het om aan ’n skoonheidskompetisie deel te neem? ... Ek sien nie so ’n ‘aanmoediging’ in die Skrif nie. Ester was onder dwang in ballingskap en sy is ‘saamgeneem’ na die koning toe (Ester 2:5-8). Sy het nie vrywilliglik aangemeld by die koning se ‘skoonheidskompetisie’ om te ‘getuig’ nie. Dit is een ding om te sê dat God alles (ook ons sonde) ten goede laat meewerk, maar om hom die blaam te gee vir onbybelse besluite en eiewillige keuses, is myns insiens misbruik maak van God se heilige Naam en die verbreking van die 3de gebod. God se Gees werk nie los van Sy Woord nie (Joh.4:24; 17:17).

Christene moet nie vasgevang word in die “doel heilig die middele”-etiek nie. God beveel nêrens dat ons ons dogters/vrouens toelaat om as skouperde beoordeel te word nie. Dit is juis skoonheidskompetisies wat nie die ware skoonheid van die Skrif bevorder nie, en die vrou se liggaam (onder die dekmantel van persoonlikheid-tel-ook) verafgod. Daarteenoor leer die Skrif (beklemtonings deur die outeur):

29 “Baie dogters het hulle knap gedra, maar jy oortref hulle almal. 30 Die bevalligheid is bedrog, en die skoonheid is nietigheid; ’n vrou wat die HERE vrees, sy moet geprys word. 31 Gee haar van die vrug van haar hande, en laat haar werke haar prys in die poorte.” - Spr.31:29-31

9 “So ook moet die vroue hulle versier met behoorlike kleding, gepaard met beskeidenheid en ingetoënheid, nie met vlegsels of goud of pêrels of kosbare klere nie, 10 maar, soos dit vroue betaam wat die godsvrug bely, met goeie werke.11 Die vrou moet haar in stilte laat leer in alle onderdanigheid.” - 1 Tim.2

1 “NET so moet julle, vroue, aan jul eie mans onderdanig wees, sodat, as sommige aan die woord ongehoorsaam is, hulle ook deur die wandel van die vroue sonder woorde gewin kan word. 2 as hulle jul reine, godvresende wandel aanskou het. 3 Julle versiering moet nie uiterlik wees nie: haarvlegtery en omhang van goud en aantrek van klere nie, 4 maar die verborge mens van die hart in die onverganklike versiering van ’n sagmoedige en stille gees, wat baie kosbaar is voor God. 5 Want so het vroeër ook die heilige vroue wat op God gehoop het, hulleself versier, en hulle was aan hul eie mans onderdanig, 6 soos Sara gehoorsaam was aan Abraham en hom heer genoem het; wie se kinders julle geword het as julle goed doen en geen enkele verskrikking vrees nie. 7 Net so moet julle, manne, verstandig met hulle saamlewe en aan die vroulike geslag, as die swakkere, eer bewys, omdat julle ook mede-erfgename van die genade van die lewe is - sodat julle gebede nie verhinder mag word nie.” - 1 Petr.3

Vervolg van bl 7

dineerd, maar word nietemin as lofwaardig gereken. Dit sal egter nie kan verhoed dat literatuur verlore gaan en reeds verlore gegaan het nie. Gebrek aan finansiële bronne en geskikte bergingsruimte plaas ’n demper op inisiatiewe tot bewaring. Wat kan gedoen word om die gereformeerde boek se toekoms te bestendig?

’n Beskeie poging tot herwinning en bewaring is deur die Vereniging aan die gang gesit, nadat dit tot die kennis gekom het dat daar by ván die instellings waar daar vantevore nog plek daarvoor was, reformatoriese literatuur in die proses is om uitgeskuif te word en daarvan ontslae te raak selfs deur verpulping, indien ’n ander heenkome nie gevind word nie. Ongeveer 5 000 boeke kon op hierdie wyse teen nominale pryse vir die VCHO se eie biblioteek bekom word. Een van die durende projekte van die Vereniging is juis om ’n tuiste vir die gereformeerde boek daar te stel. Daar is enkele jare gelede reeds met die tydrowende, maar belonende ontsluiting en indeksering daarvan ’n geringe bydrae tot die veel groter

Vervolg op bl 11

Vervolg van bl 4

dan weet ons verseker dat die Bybelse Christendom uit eie geledere gerysmier word. Dit moet ons immers gladnie verbaas, in die lig van Skrifuitsprake soos Mattheus 24 en 25 en 1Johannes 2.

Die antichristelike golf word wêreldwyd geörkestreer en dit móét so gebeur om die Skrifte se waarheid nogeens te bewys. Die vraag is egter aan elke Christenbelyer se adres: Wat sê jou *lewe* elke oomblik [nie goedkoop woorde nie!] – jou gesindheid, jou dade, jou voorbeeld. Weerspieël jou lewe die Koningskap van God oor elke terrein van jou daaglikse lewe? Sien die wêreld [Matt.5:16] in jou dade dat jy God se Woord gehoorsaam in eerbied en met ontsag? Indien dit nie so is in jou nie – aan wie se kant staan jy werklik? Wie is eintlik jou God? Waarom volg jy hom wat jy gekies het dan nie ten volle nie. Wees eerlik en draai jou rug finaal op God en Sy Woord!

Waarom moedertaalonderwys?

- HJ Hayes

Volgens 'n berig in die *Volksblad* van 4 Maart 2005, onder die opskrif: "Wie sal Afrikaansonderrig red?", waarin onderwys in Afrikaans sterk bepleit word, laat prof. Goosen, die voorsitter van die FAK, hom daaroor uit dat ouergemeenskappe in dorpe en stede opgeroep moet word om oor die ononderhandelbare belangrikheid van moedertaalonderrig ingelig te word, en by elke brandpunt wat dit bedreig, betrokke moet raak. Dan stel hy dit soos volg:

"Sonder die wil van die ouers sal nuwe praktyke hulself mettertyd tussen ons begin vestig. En dit is praktyke waarin ons nie meer 'n Afrikaanse lewe sal herken nie."

Die draagkrag van 'n uitspraak soos hierdie is intens, omdat onderliggend daaraan 'n beginsel aangevoer kan word oor waarom ten gunste van moedertaalonderrig geargumenteer moet word. Daar word verwys na 'nuwe praktyke' waarin ons nie meer 'n 'Afrikaanse lewe' sal herken nie. Wat moet 'n mens hieruit aflei, en wat het dit met onderwys te doen?

In die berig word dit nie onomwonde gestel na watter praktyke verwys word nie, maar logieserwys word die afleiding gemaak dat dit dáárdie is waaraan die groep wat in die berig as die 'Afrikaanses' bestempel word, uitgeken kan word; wat dus eie is aan die groep en wat hulle bepaalde lewenshouding en -waardes vertolk. Wat egter duidelik uit die uitspraak blyk is dat 'n verband tussen die taal en die praktyk gelê word, en wel op so 'n wyse as dat dit nie anders verstaan kan word nie as dat die taal instrumenteel is in die handhawing van die 'Afrikaanse lewe'. Die implikasie is dat, indien die taal van sy status ontneem word, laasgenoemde tot niet sal gaan. Die taal is dus voorwaarde, want dit maak die verskil tussen praktyke waarin die 'Afrikaanse lewe' herkenbaar sal wees en praktyke waarin dit nie langer herkenbaar sal wees nie, waaruit dit duidelik blyk dat dit om meer as net die taal gaan. Die taal is die draer na die praktyk, en in hierdie opsig nie van mindere belang nie. Daardeur word aan die praktyk beslag gegee, op so 'n wyse dat dít onmiskenbaar Afrikaans is en sal wees.

'n Mens kan in die bespreking hiervan by prof. Goosen aansluit, omdat hy 'n uiters belangrike saak aanraak, naamlik wat hy noem die 'Afrikaanse lewe'. In die konteks waarbinne die VCHO dit benader, kan dit nader gekwalifiseer word as die godsdiens en kultuur van die Afrikaner. Die funksie van die taal as gestaltegewer daarvan word erken, met die voorbehoud dat die taal nooit verhef sal word tot wat dit nie bedoel is om te wees nie. Die taal as sodanig is funksioneel in soverre as wat dit 'n wesensbydrae tot die godsdienstige en kulturele ontplooiing van 'n volk maak, maar is nie konstituerend van daardie volk nie. Nie almal wat maar Afrikaans praat is Afrikaner nie. Sonder die Afrikaanse taal egter, kan 'n Afrikanerkultuur ook nie gedy nie, en is dit trouens ondenkbaar.

Hiermee word by die essensie van moedertaalonderrig uitgekom. Die oordrag van erfgoed van een geslag na die volgende geskied deur middel van die taal. In opvoeding en onderwys gaan dit immers primêr om die oordrag van godsdiens en kultuur in die wydste sin van die woord. Alles wat 'n volk vir hom tot geestesbesit (eie letterkunde as voorbeeld) maak en alles wat hy voortbring in terme van die uitvoering van die opdrag tot beheersing, in Bybelse sin (Gen.1: 28), is hierby inbegrepe. Van der Wateren verklaar van kultuur dat dit aangeleer, en daarom van geslag tot geslag oorgedra kan word, en dat dit binne volksverband beoefen word, hoewel kultuurtrekke oorgeneem kan word. Dit is verder ook lewensbeskoulik van aard, omdat dit ten diepste in die religieuse oortuiging van die mens setel ((*Voed hulle op,* Stoker, P.H. & Gerber, J.M. (reds.), VCHO, Bloemfontein, p. 63)). Opvoeding en onderwys enersyds, en kultuur andersyds, moet derhalwe as onlosmaaklik-verbonde, eg-menslike verskynsels gesien word.

Dit is betekenisvol dat die uiteengaan van die menslike geslag by Babel (Gen.11) op die basis van taalverskeidenheid plaasgevind het, wat tot die ontstaan van onderskeibare volkere gelei het, wat weer verskillende kulture tot gevolg gehad het. Deur dáárdie goddelike ingrype word die mensdom tot volkere georden en daarin vervul die taal 'n beslissende funksie. Die taal het met die siel van 'n volk te doen, hoor 'n mens meermale. HAT, 1994, beskryf die siel as die "setel van die gevoel, die wil en die gedagte". 'n Mens gebruik inderdaad die taal waarin jy grootgemaak word/is om jouself kenbaar en verstaanbaar te maak, deur gevoelens, wilsbesluite en gedagtes daarmee te vertolk. Daar bestaan dus 'n intieme band tussen die innerlike self en die taal. Dit is daarom ook nie vreemd dat 'n persoon voorkeur gee aan, en sy moedertaal liefhet bo ander tale nie (sonder om die ander as minderwaardig te beskou). Skrywers en digters van verskillende nasionaliteite besing hulle onderskeie tale. In die beryming van CF Visser: "O moedertaal, o soetste taal, jou het ek lief…"

Oor televisie-nuusuitsendings het ons die afgelope tyd waargeneem hoedat daar by skole en tydens informele gesprekke deur respondente daarop aangedring word dat hulle taal (Afrikaans) nie aangetas of geskend sal word nie. Die beweegrede daarvoor synde dat hulle op hulle **reg** om in hulle **eie taal** onderrig te word, aanspraak maak. Sommige verwys dan tereg na die grondwetlike beskerming wat gebied word, en beroep hulle daarop. Dit is duidelik dat die taal 'n baie sensitiewe saak in volksgeledere is. Wat ons eie volkslewe betref, is ons bekend met die taalstryd wat oor baie jare heen gevoer is, totdat Afrikaans as 'n volwaardige taal erken is. Dit is goed dat daar om behoud van ons taal geywer word.

Maar, moet ons dan verder argumenteer: **hoe verantwoord** ons ons ten diepste daaroor? Dit kan tog nie bloot die taal ter wille van die taal wees nie. Elkeen wat by optrede ten behoud daarvan betrokke is, sal hierop 'n antwoord moet bied.

Die berig waarna verwys word, laat geen twyfel nie dat die saak van moedertaalonderrig meer inhou as slegs die gebruik van die taal. Wanneer dit om 'n 'Afrikaanse lewe', soos wat die berig te kenne wil gee, of 'n Afrikaner-leefwyse gaan, het dit **volledig** met die **volkslewe** te doen. Dan kan godsdiens of kultuur nie daaruit weggedink word nie. En, om nou na die terrein van die onderwys te beweeg; daarin neem die taal sy plek in as die onontbeerlike medium om die noodsaaklike (leer-)inhoude wat benodig word, om hulle kinders in die godsdiensoortuiging en kulturele waardesisteem waaraan ouers hulle gebonde ag, te onderrig. Alles wat in die proses van opvoeding en onderwysing 'n bydrae daartoe lewer dat 'n Christelik-opgevoede en met kennis-toegeruste persoon opgekweek word, is op die taal aangewese. Ons is juis goed ingelig oor die probleem van ongeletterdheid in Afrika en die gevolge daarvan.

Die kernvraag wat egter nou oorbly is: **waarop** is ons opvoeding en onderwys **gerig**? Want, as dit oor die taaldebat handel, moet ons uiteindelik vir onsself afvra: **waartoe wil ons die reg op ons eie taal uitoefen?** Die taal, moet ons dan verklaar, is by uitstek draer van die godsdiens en kultuur in 'n samelewing. Die taal gee uitdrukking aan die hartsgesteldheid, waarbinne die besondere lewensoortuiging gehuisves word. Die lewensoortuiging word deur die taal gevoed, en is in daardie sin medebepalend tot dit wat 'n mens vir jou tot waarheidsoordeel en -kennis maak, soverre dit ons oortuiginge oor die transendente en die kosmiese werklikheid betref, soos deur die Bybel aan ons geopenbaar. Hierdie is 'n kritiese aspek van ons menswees in die wêreld, want dit bepaal ons instelling tot God en Sy skepping. Taal, as een van die aspekte van die geskape werklikheid, is 'n kosbare gawe aan die mens, waardeur die lewenswaarhede verwoord (be-teken) word, sodat laasgenoemde begripmatig deur die opvoedingsproses oorgedra kan word. Almal wat met opvoeding en onderwys gemoeid is, is onvermydelik op die taal aangewese, maar nie almal gebruik die taal om waarheidskennis en -oordele aan onmondiges te onderrig nie. Daar is diegene in die onderwys (breedweg gesproke) wat die waarheid van God onderdruk en met misleiding besig is, ter wille daarvan om vir ander gewin ander doelstellings (uitkomste) te verwesenlik, en die taal vir hierdie doel misbruik. Gelukkig is daar ook daardie onderwysers wat hulle verantwoordelikheid voor God en teenoor die leerlinge besef.

Die taal staan in diens van die Koninkryk en 'n samelewing, wat dit vir geen ander doel mag gebruik nie, as waartoe dit bestem is. Ons kan en móét derhalwe ons Afrikaanse taal opeis, óók en veral vir die onderwys van ons eie kinders, maar dan vir geen ander doel nie, as die bevordering van 'n Christelike samelewing. Dáárom die Vereniging se pleidooi vir moedertaalonderwys.

Aanstelling by VCHO

Mev Tillie Joubert is met ingang van Januarie in die pos van administratiewe beampte aangestel. Sy volg dr Hoffman op. Mev Joubert het op Dewetsdorp grootgeword en skoolgegaan, waar sy gematrikuleer het. Sy lees graag en is ook lid van die Pergamanogilde. Hierbenewens dien sy in twee kultuurorganisasies, in die hoedanigheid van sekretaris en tesourier onderskeidelik. Sy beskik oor wydlopende administratiewe ondervinding van ongeveer twintig jaar, wat haar 'n waardevolle aanwins vir die Vereniging maak. Haar gesin het hulle etlike jare gelede in Bloemfontein kom vestig, waar sy en haar eggenoot saam 'n onderneming bestuur het. Daar is 'n seun en dogter uit die huwelik gebore. Haar besluit om die pos te aanvaar is ondermeer geïnspireer deur haar begeerte om in hierdie fase van haar lewe 'n bydrae tot Christelike onderwys te maak. Sy sal veral met die administrering van Vereniging se ledeatabasis gemoeid wees.

Ons verwelkom haar graag in die geledere van die VCHO. (Red.)

Vervolg van bl 9

insentief wat benodig word om die nóg bestaande kosbare versamelings vir die nageslag te bewaar.

Daar sal dringend aan 'n sinvolle en finansieel bekostigbare plan gewerk moet word om hierdie ideaal ten uitvoer te kan bring. Tydens die vergaderings van die bestuur van die Vereniging kom die saak telkens weer onder bespreking, veral na aanleiding van individue (gewoonlik familielede) wat uiteindelik met versamelings sit en nie weet waar daarmee heen nie, indien hulle self nie meer daarvan gebruik wil of kan maak nie, weens verskeie redes. Ons wil persone wat hulle in hierdie omstandighede bevind aanmoedig om eers met die Vereniging se kantoor in Bloemfontein te skakel, alvorens hulle sou besluit om van versamelings ontslae te raak deur dit byvoorbeeld stuk-stuk te verkoop, of te laat verpulp. Ons wil eerder daaraan werk om sodanige versamelings in geheel oor te neem, met die nodige erkenning, as dat dit tot niet gaan. Die telefoonnr is 051-448 9160/ -4464.

’n Bybelse perspektief op “grense”

- Niek Vorster

Sonder dat ons dit besef het ons elke dag te doen met grense. Die erfgrense tussen ons en ons bure. Die pad/straat waarop ons ry is afgegrens … ons ry links van die “grenslyn” (stippellyn). Die parkeervak waar ons parkeer is ’n blok van 2,5m x 6,0m. Jou kantoor is met ’n muur afgegrens van dié van jou kollega. Die boer se plaas is afgegrens van dié van sy buurman. Iemand het eenmaal gesê: “Goeie grense maak goeie bure”.

Van die Begin af tot die Einde toe

In Gen.1:4 lees ons dat God *skeiding* maak tussen lig en duisternis. Tussen lig en duisternis voorsien God ’n grens. Die hele skeppingsverhaal soos in Genesis beskryf, word verder gekenmerk deur skeiding en grense … *elkeen volgens sy soort.* Abraham en Lot *skei* van mekaar toe die vee begin deurmekaar wei. Twis tussen die veewagters dreig. Hulle kom ooreen om grense tussen hulle te vestig (Gen.13:6-18). Die mooiste voorbeeld in die Ou Testament is die verdeling van die land Kanaän tussen die stamme van die volk Israel deur God self (Jos.13 -19). “*En toe Josua oud en ver op sy dae was, het die HERE vir hom gesê: Jy is oud en ver op jou dae, en daar het nog ’n baie groot stuk land oorgebly om in besit te neem”* (Jos.13:1) *“…. deur verloting van hulle erfdeel, soos die HERE deur die diens van Moses beveel het, ….”* (Jos.14:2). Dit is ’n bevel van God dat elke stam sy erfdeel kry; dat daar grense tussen die stamme sal wees. God het geweet dat die stamme onder mekaar sou twis oor grondgebied daarom word elke stam se gebied deur Homself afgegrens al is hulle almal van een volk.

In Psalm 2:1 lees ons van *… nasies en volke …* (vers 1), wat begrens word. In die Openbaringboek, waar God ons ’n geringe beeld gee van die eindtye, deur die Apostel Johannes op die eiland Patmos, lees ons dat *stamme en tale en nasies* (Open.13:7) tot aan die einde van die tye sal bestaan en begrens is.

Toepassing van fisiese grense

Grense soos ons dit in die Bybel vind is geen toevalligheid nie. Dit is so beskik deur God self. Daardeur leer Hy ons dat grense orde bewerkstellig. Sonder grense kan daar geen orde wees nie. Die stadsbeplanner is daagliks besig met grense; grense en grondgebruike. Verbeel u hoe lyk ’n stad, dorp, woonbuurt sonder grense. Dat die beenmeelfabriek reg langsaan ’n dameskoonheidsalon geleë is, of dat die slagpale reg langs die pastorie is, of die paneelklopper langs die ouetehuis, of die kleuterskool langs die hotel se kroeg. In beskaafde lande wat grense (en grondgebruike) eerbiedig, soos God dit bedoel het, behoort so-iets nie plaas te vind nie. Helaas, dit gebeur tog … op plekke. Op plekke waar God se orde, deur middel van grense, ge-minag word. Daar heers totale chaos, omdat vaste grense en gebruike nie belangrik is nie. Daar word ge-oordeel dat grense die mens bind en hy wil nie gebonde wees nie … hy is vry ... om te maak soos hy wil. Die Derdewêreld word hierdeur gekenmerk.

Ander grense

Benewens die fisiese grense waarmee die stadsbeplanner hom besig hou om grondgebruike van mekaar te skei en daardeur orde te skep, soos God dit wil, bestaan ook ander grense.

Gesagsgrense

Alle gesag word deur God begrens. Die skoolhoof voer nie gesag oor die bank se klerke nie, so-ook nie die bankbestuurder oor die skool se leerlinge nie. Op jou plaas voer jy gesag, nie jou buurman nie, netso eerbiedig jy jou buurman se gesag op/oor sy plaas. Staatsgesag word deur God begrens. Nie almal begryp dit nie. Die staat se roeping en opdrag is ondermeer om die burgers van die staat te beskerm, diens te lewer en *“… om alle afgodery en valse godsdiens uit te roei … die antichris te gronde te rig … en die Heilige bediening van die evangelie orals te laat preek”* (Artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis). Die Staat is nie geroepe om in te meng in ander lewensverbande nie. As hy dit doen dan minag hy sy goddelike roeping en gesagsbegrensing.

Kultuurgrense

Die kultuurverskeidenheid wat op aarde waargeneem word is ’n godgegewe waarheid wat eerbiedig moet word en nie weggewens kan word nie. Geen akademiese kennis is nodig om kulture van mekaar te onderskei nie. Godgegewe grense onderskei kulture van mekaar. Die verskil in kulture word gemanifesteer deur lewens- en wêreldbeskouinge, lewensgewoontes, opvoedingskenmerke, aanbiddingsvorme, beskawingspeil, taal en talle meer.

Beskawingsgrense

Die hele geskape werklikheid word in ruimte en tyd gekenmerk deur volke waarvan die beskawingspeil van mekaar verskil, sommiges in ’n geringe mate, andere meer radikaal. Hierdie verskil in beskawingspeil is eweneens ’n godgewilde grens tussen volkere en beskawings. As dit ontken word is dit ’n ontkenning dat God almagtig is. Hoe hard die

mens ookal poog om hierdie grense te minag en te probeer vernietig, dit sal daar wees tot aan die einde van die tyd. Grense wat deur God Drie-enig bepaal en vasgestel is kan op geen wyse deur die mens vernietig word nie. Pogings daartoe sal totale chaos tot gevolg hê. Daar waar dit plaasgevind het, selfs in moderne tye, is die chaos getuienis daarvan.

Eerbied vir godgegewe grense bring orde, heil en vrede. Minagting daarvan bring chaos, verdriet en stryd.

Prestasie in Wysbegeerte

Die David Jacobs-prystoekenning van die Vereniging word jaarliks aan die student wat oor drie jaar heen die beste in die studie van Wysbegeerte aan die Universiteit van die Vrystaat gevaar het, toegeken.

Die student wat in 2004 hiervoor gekwalifiseer het is Daleen Botha, wat 'n gemiddelde van 83% oor die drie jaar behaal het. Dié toekenning word tydens die gebruiklike akademiese prysaand van die Universiteit oorhandig.

Vorige ontvangers die afgelope ses jaar, in terugwaartse chronologiese orde, is:

2003 - L Lupacinni
2002 - A Venter
2001 - E Strydom
2000 - JPC van der Berg
1999 - P de Wet

Die doel met die toekenning is om Christelike wetenskap te bevorder, deur studente op hierdie wyse aan te spoor om hulle in hierdie tradisie (die Christelike) te skool en verderaan in hulle lewens hulle invloed in hierdie opsig te laat geld, waar hulle hul ookal mag bevind, ter wille van 'n Christelike samelewing.

Danksy 'n erflating van wyle mnr David Jacobs, 'n oud-penningmeester van die Vereniging, kon die toekenning sedert 1990 daaruit befonds word, toe dit vir die eerste keer gedoen is.

Indien van die afgestudeerdes wat die prys in die verlede ontvang het met die Vereniging wil skakel, verneem ons graag van hulle.

Daleen Botha

David Jacobs

Gedenkblad te koop

Ons lede/lesers word daaraan herinner dat die gedenkblad oor die Vereniging se 50-jarige bestaan steeds van die kantoor bekom kan word. Daar is twee weergawes met verskillende pryse. Die eerste, gewone uitgawe verkoop teen R50, en die tweede, 'n glansweergawe, teen R100 per eksemplaar, plus versendingskoste teen R5. 'n Beperkte oplaag van elke weergawe is gedruk, en belangstellendes word gevra om nie hiermee te talm nie.

Die gedenkblad bevat allerhande interessante wetenswaardighede oor verskillende aspekte van die VCHO se funksionering en bevat 'n ryke verskeidenheid fotomateriaal. Intekenaars hierop sal 'n baie goeie geheelindruk van die Vereniging se betekenis vir die onderwys in die besonder, en die volkslewe in breër verband kan verkry. Deur hierdie blad bied die Vereniging as't ware aan sy lede verslag oor wat vermag kon word, danksy hulle onvermoeide steun, en ten spyte van beperkte bronne, onder die seënende hand van die Here.

Stuur u tjek ten bedrae van R55 of R105 aan die kantoor of betaal die ekwivalente bedrae in in die Vereniging se rekening

Bestelvorm vir gedenkblad

Die bedrag van R55/ R105 is ingesluit/ inbetaal (skrap wat nie van toepassing is nie).

My adresbesonderhede is soos volg: ……

……

VCHO ……

ABSA Bank, Maitlandstraat-wes ……

Takkode 632 005 Kode……..

Rekeningnr 470-910-011

Faks u bewys van inbetaling na 051 - 448 4669, of pos aan VCHO, Posbus 1824, Bloemfontein 9300.

"….'n Ewigheid vêr van die son"

Ingestuur deur Pieter Rademan

An atheist professor of philosophy speaks to his class on the problem science has with God. He asks one of his new students to stand:

Professor: You are a Christian, aren't you, son?

Student: Yes, sir.

Prof: So you believe in God?

Student: Absolutely, sir.

Prof: Is God good?

Student: Sure.

Prof: Is God all-powerful?

Student: Yes.

Prof: My brother died of cancer even though he prayed to God to heal him. Most of us would attempt to help others who are ill. But God didn't. How is this God good then? Hmm?

(The student is silent.)

Prof: You can't answer, can you? Let's start again, young fella. Is God good?

Student: Yes.

Prof: Is Satan good?

Student: No.

Prof: Where does Satan come from?

Student: From...God...

Prof: That's right. Tell me son, is there evil in this world?

Student: Yes.

Prof: Evil is everywhere, isn't it? And God did make everything. Correct?

Student: Yes.

Prof: So who created evil?

(The student does not answer.)

Prof: Is there sickness? Immorality? Hatred? Ugliness? All these terrible things exist in the world, don't they?

Student: Yes, sir.

Prof: So, who created them?

(The student has no answer.)

Prof: Tell me, son. Do you believe in God?

Student: Yes, professor, I do.

Prof: Science says you have 5 senses you use to identify and observe the world around you. Have you ever seen God?

Student No, sir.

Prof: Tell us if you have ever heard your God?

Student: No, sir.

Prof: Have you ever felt your God, tasted your God, smelt your God? Have you ever had any sensory perception of God for that matter?

Student: No, sir. I'm afraid I haven't.

Prof: Yet you still believe in Him?

Student: Yes.

Prof: According to empirical, testable, demonstrable protocol, science says your God doesn't exist. What do you say to that, son?

Student: Nothing. I only have my faith.

Prof: Yes. Faith. And that is the problem science has.

Student: Professor, is there such a thing as heat?

Prof: Yes.

Student: And is there such a thing as cold?

Prof: Yes.

Student: No sir. There isn't.

(The lecture theatre becomes very quiet with this turn of events.)

Student: Sir, you can have lots of heat, even more heat, superheat, megaheat, white heat, a little heat or no heat. But we don't have anything called cold. We can hit 458 degrees below zero which is no heat, but we can't go any further after that. There is no such thing as cold. Cold is only a word we use to describe the absence of heat. We cannot measure cold. Heat is energy. Cold is not the opposite of heat, sir, just the absence of it.

(There is pin-drop silence in the lecture theatre.)

Student: What about darkness, Professor? Is there such a thing as darkness?

Prof: Yes. What is night if there isn't darkness?

Student: You're wrong again, sir. Darkness is the absence of something. You can have low light, normal light, bright light, flashing light.....But if you have no light constantly, you have nothing and it's called darkness, isn't it? In reality, darkness isn't. If it were you would be able to make darkness darker, wouldn't you?

Prof: So what is the point you are making, young man?

Student: Sir, my point is your philosophical premise is flawed.

Prof: Flawed? Can you explain how?

Student: Sir, you are working on the premise of duality. You argue there is life and then there is death, a good God and a bad God. You are viewing the concept of God as something finite, something we can measure. Sir, science can't even explain a thought. It uses electricity and magnetism, but has never seen, much less fully understood either one. To view death as the opposite of life is to be ignorant of the fact that death cannot exist as a substantive thing. Death is not the opposite of life its just the absence of it. Now tell me, Professor. Do you teach your students that they evolved from a monkey?

Prof: If you are referring to the natural evolutionary process, yes, of course, I do.

Student: Have you ever observed evolution with your own eyes, sir?

(The Professor shakes his head with a smile, beginning to realize where the argument is going.)

Student: Since no one has ever observed the process of evolution at work and cannot even prove that this process is an on-going endeavour, are you not teaching your opinion, sir? You are then not a scientist but a preacher?

(The class is in uproar.)

Student: Is there anyone in the class who has ever seen the Professor's brain?

(The class breaks out into laughter.)

Student: Is there anyone here who has ever heard the Professor's brain, felt it, touched or smelt it?.....No one appears to have done so. So, according to the established rules of empirical, stable, demonstrable protocol, science says that you have no brain, sir. With all due respect, sir, how do we then trust your lectures, sir?

Prof: I guess you'll have to take them on faith, son.

(The room is silent. The professor stares at the student, his face unfathomable.)

Student : That is it sir..The link between man & God is FAITH. That is all that keeps things moving & alive.

DIE JONGSPAN

Tannie Aletta

Dagsê Maats,

'n Heerlike vakansie is verby! Het jy jou vakansie geniet? Of het jy soos sommige van wie ons in die koerant lees kwaad gedoen en mense se eiendomme beskadig, of diere mishandel? Wat bereik 'n mens deur sulke onsinnige dade te pleeg - ek sou reken dat jy jou goeie naam in die modder sleep. 'n Goeie naam is beter as reukolie [Prediker 7:1]. Dus raai ek jou aan om te waak oor jou goeie naam. Leef om dit in stand te hou. Daar is tog net 'n paar eise waaraan jy hoef te voldoen om te verseker dat jou naam nie geskend sal word nie. Ek dink nou maar aan die volgende:

- Soek na die wil van die Here vir jou lewe – dit kry jy in Sy Woord.
- Bid gedurig sonder twyfel [Jakobus 1:6]
- Behou jou selfvertroue.
- Moet niks doen wat jou selfrespek skade sal berokken nie.
- Laat liefde aan almal rondom jou uit jou straal - die liefde doen die naaste geen kwaad nie.
- Behou jou geloof – dit is 'n aspek wat baie sterk beklemtoon moet word.

Bid tot die Vader om jou te help om so te lewe dat jy daagliks jou goeie naam in stand sal hou. Jou goeie naam het jy ontvang die dag toe jy gebore is as 'n gawe uit die hand van die Here.

SLEUTELTEMAS IN DIE SKRIF:

KEN JOU VYAND.

Jakobus 4:7: *Staan die duiwel teë en hy sal van julle af wegvlug.*

Die duiwel het baie slim streke om ander te laat glo dat hy nie werklik bestaan of aktief is nie! Almal wil nie hê dat dit met jou mag goed gaan of dat jy presteer en suksesvol is nie – veral nie die duiwel nie. Daar is egter baie goeie nuus: Jesus het hom totaal verslaan. Jy hoef nie vir hom bang te wees nie, **bly** net aan Jesus se kant.

Johannes 10:10: "*'n Dief kom net steel en slag en uitroei;…*".

Die duiwel probeer met elke geleentheid wat hy kan kry om verwoesting te saai. Hy sal jou gesondheid, geluk, familie, sukses en voorspoed ook probeer verwoes en steel. Daar is 'n oplossing: **weerstaan** die duiwel – soos die Woord sê.

1 Johannes 4:4*: Julle behoort aan God, liewe kinders, en het die vals profete klaar oorwin omdat Hy wat in julle is, groter is as die duiwel, wat in die wêreld is.*

Die duiwel gebruik dikwels mense en situasies teen jou. Dit gebeur dan soms dat mense vir geen verstaanbare rede teen jou draai. Moenie die duiwel ignoreer nie, bestraf hom in Jesus se Naam en weerstaan hom – dit is jou opdrag en jou oplossing. Die Woord sê immers dat hy van jou **sal** wegvlug!

Romeine 8:37: *Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinaars deur Hom wat vir ons liefhet.*

Loof die Here, ons God vir hierdie wete en versekering.

STREEF MET JOU GANSE HART DAARNA OM DIE DUIWEL [JOU VYAND] TE WEERSTAAN.

IETS VIR DIE KLEIN MAATJIES

BERGE VAN DIE BYBEL

Skryf die eerste letter van elke voorwerp neer – so kan jy die naam van hierdie berg leer.

By hierdie berg het Josua 'n altaar vir die Here gebou.

IETS OM TE ONTHOU

Lees 1 Korintiërs 13:8.

Die liefde gaan nie maklik dood nie. Dit is iets wat lewe. Dit floreer te midde van alle gevare, behalwe een – verwaarlosing.

- *James D.Bryden.*

'n Wyse mens is dankbaar oor die vriend wat tot die einde van die pad by hom bly.

- *Valeer Deschacht.*

Bybelblok

Af:

1. " Wyse mense word met rykdom ..."
2. Paulus is aan hulle oorgelewer. [Hand. 28:17].
3. "…want die koninkryk van God is hier … julle." [Lukas 17].
4. Toe hy 130 was, het hy die vader geword van Set. [Gen 5:3].
5. Die Here het sy volk gelouter in die smeltkroes van … [Jes 48:10].
6. "Hy (Christus) is die hoof van die …. van die kerk" [Kol 1]
9. Die God van Israel het gesê: Ek gaan afreken met Amon die god van … [Jer 46:25].
11. "Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle …. kan bied in die dag van onheil." [Ef 6].
13. Die Heilige Gees word ook die Gees van … genoem. [1 Joh.3:9].
14. 'n Hawe in Hand 21 waar Paulus-hulle 'n skip gehaal het.
16. Dit was die tuiste van Goliat [1Sam 17:4].
17. Die ontbrekende woord: "Julle moet julle met …. en ontsag daarop toelê om as verloste mense te lewe."
18. 'n Towenaar van Samaria [Hand 8].
20. 'n Gelowige in Tessalonika [Hand 17].
22. Die koning van Juda [1 Kon 15:8].

Dwars:

1. Samuel se twee seuns was leiers in …
7. So mag jy die Naam van die Here jou God nie gebruik nie. [Ex 20 Ou vert.].
8. Jaïr is daar begrawe. [Rigters 10:5]
10. By hierdie man het Jakob sewe jaar gewerk vir sy vrou. Dit was sy ….
11. "Hy wat nie sy kruis dra en My volg nie, is nie … om aan my te behoort nie." [Matt 10 Nuwe vert.].
12. …. en suiwer godsdiens, sê Jak 1, is om weeskinders en weduwees by te staan en om jou skoon te hou van die besmetting van die wêreld.
15. "Met die …. wat regverdig straf, sal dit goed gaan; hulle sal geseën word met voorspoed."
[Spr 24].
19. Sy was Rispa se moeder [2 Sam 21:8].
21. …-ta; 'n Persiese koning [Esra 4:7].
23. 'n Terrein van een van Josua se eerste veldslae in die beloofde land [Josua 7 en 8].
24. 'n Plek van die Benjaminiete [Neh 11:35].
25. 'n Leviet [Neh 10:21]



Aros - Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies

nooi u vriendelik uit na 'n gaslesing deur prof J A (Amie) van Wyk oor

Die noodsaak vir reformasie in SA vandag en die implikasies daarvan vir (Gereformeerde) onderwys.

Datum: Vrydag, 6 Mei 2005
Tyd: 19:30
Plek: GK die Kandelaar, h/v Codonia- en Dickensonlaan, Waverley, Pretoria
Toegang: Gratis

Geleentheid vir bespreking Verversings word aangebied

Navrae: Rob van der Kooy, tel 012-332 3222

Geleentheid vir afgetredenes en belangstellendes

Die Vereniging bied graag aan afgetrede dominees en ander belangstellendes die geleentheid tot die verdien van 'n bykomende inkomste uit kommissie. Daar is twee portefeuljes wat soos volg gestruktureer is:

1. Kolportasie

Dit behels die deurlopende verkoop van goedgekeurde boeke van gereformeerde inslag teen die Vereniging se vasgestelde basispryse, plus 'n persentasie wat as vergoeding aan die kolporteur sal gaan.

'n Eenvoudig-bewoorde ooreenkoms word vir hierdie doel aangegaan, wat daarop neerkom dat aan die einde van elke maand, soos wat die boeke verkoop word, die Vereniging se gedeelte oorbetaal word, waarna die nodige aanvulling deur die Vereniging gedoen word.

2. Werwing van lede, donasies en erflatings

Dit behels dat op 'n deurlopende grondslag lede gewerf, en donasies en erflatings vir die Vereniging bekom sal word, teen vergoeding, waarvan 'n persentasie aan die werwer oorbetaal word, volgens 'n glyskaal.

'n Ooreenkoms sal eweneens vir hierdie doel aangegaan word.

1 en **2** kan ook in 'n gesamentlike ooreenkoms gekombineeer word.

Ons verneem graag van veral dominees wat hiervoor kans sien, maar ook ander belangstellendes is welkom om met die kantoor te skakel. Lede van ons Vereniging en elkeen wat dit met ons doelstrewe eens is, sal in aanmerking kom.

Skakel ons by: 051 - 448 9160 vir nadere besonderhede.

Die Hoofbestuur van die VCHO verklaar hiermee dat die standpunte van outeurs in Roeping en Riglyne nie noodwendig die amptelike standpunt van die VCHO is nie.

ROEPING
EN
RIGLYNE

REDAKTEUR: Ds C Bester
KERN REDAKSIE: Prof OA Henning, Prof AWG Raath, Prof DFM Strauss.

50

Die Hoof Uitvoerende Beampte
Posbus 1824
Barnesstraat 41
Bloemfontein 9300

Tel. (051) 448 9160 of
(051) 448 4464
Faks (051) 448 4669
E-pos: vcho@mjvn.co.za
Tuisblad:
http://www.vcho.co.za

HOOFBESTUUR

Prof AWG Raath (Bloemfontein, Voorsitter), Mnr. S le Cornu (Potchefstroom), Prof PH Stoker (Potchefstroom, Ondervoorsitter), Ds G van Heerden (De Deur), Prof R Marè (Pretoria), Dr IH Horn (Pretoria), Ds G Opperman (Sannieshof), Dr HG Stoker (Pretoria), Prof EJ van Niekerk (Pretoria).

Gekoöpteerde lede: Ds H Hefer (Brakpan), Ds FJ van der Merwe (Koster), Dr JAE Adendorff (Germiston).

Uitvoerende Beampte: Mnr HJ Hayes

Gedruk deur Handisa Drukkers • Tel: (051) 403 8500